

**Titel: Die Woord**  
**Pastoor: Ross van Niekerk**  
**Datum: 24 Augustus 2008**  
**Tyd: 19h15**



### **Johannes 1:1-14**

<sup>1</sup> In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. <sup>2</sup> Hy was in die begin by God. <sup>3</sup> Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie. <sup>4</sup> In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense. <sup>5</sup> En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie. <sup>6</sup> Daar was 'n man van God gestuur, wie se naam Johannes was. <sup>7</sup> Hy het tot 'n getuienis gekom om van die lig te getuig, sodat almal deur hom sou glo. <sup>8</sup> Hy was nie die lig nie, maar hy moes van die lig getuig. <sup>9</sup> Die waaragtige lig wat elke mens verlig, was aan kom in die wêreld. <sup>10</sup> Hy was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom ontstaan, en die wêreld het Hom nie geken nie. <sup>11</sup> Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie. <sup>12</sup> Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo; <sup>13</sup> wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is. <sup>14</sup> En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon — en ons het sy heerlijkheid aanskou, 'n heerlijkheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom — vol van genade en waarheid.

### **Die vier evangelies:**

1. Markus – wat Jesus gedoen het. (Almal)
2. Matteus – wat Jesus gesê het. (Jode)
3. Lukas – wat Jesus gesê het. (Grieke)
4. Johannes – Wie Jesus is. (Almal)

### **Logos**

#### **Johannes 1:1**

<sup>1</sup> In die begin was die Woord...

Definisie:

- Woord
- Geskrewe gedagte
- Geskrewe motief

Efese – Heraclitus - Universiteit 600 v.C.

LOGOS = 'rede vir'

- Logos + *Metreos* = Meteorologie
- Logos + *Bios* = Biologie
- Logos + *Geo* = Geologie
- Logos + *Psyche* = Psigologie

**Jesus = Logos**

#### **Johannes 20:30-31**

<sup>30</sup> Nog baie ander tekens het Jesus voor sy dissipels gedoen wat in hierdie boek nie beskrywe is nie; <sup>31</sup> maar hierdie is beskrywe, dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God; en dat julle deur te glo die lewe kan hê in sy Naam.

### **Redes om in Jesus te glo:**

Ek is die ...

- Brood van die Lewe (6:51)
- Lig van die Wêreld (8:12)
- Deur (10:9)

- Goeie Herder (10:14)
- Opstanding en die Lewe (11:25)
- Weg, Waarheid, en Lewe (14:6)
- Ware Wingerdstok (15:5)

1. **In die begin was die Woord**

- Jesus alleen is ewig.
- Jesus alleen kan ewige lewe gee.

2. **Die Woord was by God.**

- Aangesig tot aangesig.
- Jesus is liefde, verhoudings-God.
- Jesus kan liefde gee, verhouding met God herstel.
- Jy kan verhouding met Jesus hê.

3. **En die Woord was God**

- Jesus alleen is God.
- Jesus alleen kan sonde vergewe.
- Jesus alleen kan herskep.

4. **En die Woord het vlees geword en onder ons kom woon.**

- Jesus alleen het mens geword.
- Jesus alleen verstaan ons mense-stryd, pyn, vernedering, vrees.
- Jesus alleen het dit oorkom en kan krag gee om dit te oorkom.

## Jesus die Reiniger en Smelter

### Maleagi 3:2-3

<sup>2</sup> Maar wie kan die dag van sy koms verdra? En wie kan standhou as Hy verskyn? Want Hy sal wees soos die vuur van die smelter en soos die loog van die wassers. <sup>3</sup> En Hy sal sit: 'n smelter en reiniger van silwer, en Hy sal die seuns van Levi reinig en hulle louter soos goud en soos silwer, sodat hulle aan die HERE in geregtigheid 'n offer sal bring.

### 'n Geslag ware aanbidders

### Psalm 24:3-6

<sup>3</sup> Wie mag klim op die berg van die HERE? En wie mag staan in sy heilige plek? <sup>4</sup> Hy wat rein van hande en suiwer van hart is, wat sy siel nie ophef tot nietigheid en nie vals sweer nie. <sup>5</sup> Hy sal seën wegdra van die HERE en geregtigheid van die God van sy heil. <sup>6</sup> Dit is die geslag van hulle wat na Hom vra, wat u aangesig soek—dit is Jakob.